Die ewige verbond

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Génesis 12:1–3, Romeine 4:1–5, Exodus 2:24, Deuteronómium 5:1–21; 26:16–19; en 8:5, Matthéüs 28:10.*

Geheueteks: **" 'En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.' "** *(Génesis 17:7)*.

En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke." *(Openbaring 14:6)*. Let op, 'n "*ewige evangelie*," ewig soos in dat dit nog altyd bestaan het, dit was nog altyd daar, dit was aan ons "van ewigheid af" in Christus Jesus belowe *(Titus 1:2)*.

Dit is dus geen wonder dat die Bybel dit soms 'n "ewige verbond" noem nie *(Génesis 17:7, Jesaja 24:5, Eségiël 16:60, Hebreërs 13:20)*, want die kern of hart van die evangelie is verbond, en die hart van die verbond is evangelie: God, deur sy reddende genade en liefde, bied aan om jou te verlos sonder dat jy dit verdien en wat jy nie kán verdien nie; en jy reageer daarop deur Hom "uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag" lief te hê *(Markus 12:30)*, 'n liefde wat deur gehoorsaamheid aan sy wet geopenbaar word: "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar;. . ." *(I Johannes 5:3)*.

Hierdie week gaan ons na die verbond kyk soos dit in die boek Deuteronómium weergegee word, waar die verbond en alles wat dit insluit, uitgebeeld word.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 16 Oktober*

Die verbond en die evangelie

Regdeur die Bybel word die verbond en die evangelie met mekaar verbind. Alhoewel die verbondsgedagte reeds voor die volk Israel bestaan het (bv., die verbond met Noag), en hoewel die verbondsbelofte gemaak was voor Israel as 'n nasie bestaan het, was dit duidelik sigbaar in God se omgang met sy volk, en wat met hulle voorvaders, die patriarge, al begin het.

En selfs van die begin af was die evangelie die kernwaarheid van die verbond: verlossing deur geloof alleen.

Lees Génesis 12:1–3, Génesis 15:5–18, en Romeine 4:1–5. Wat was die verbondsbelofte wat aan Abram (later Abraham) gemaak was, en hoe word die evangelie in daardie verbondsbelofte geopenbaar?

_____

_____

Abraham het God geglo en in God se beloftes aan hom, en daarom het God hom regverdig verklaar. Hierdie verklaring was egter nie goedkoop genade nie: Abraham het daarna gestrewe om sy kant van die verbond deur gehoorsaamheid na te kom, soos hy volgens Génesis 22 op die berg Moría getoon het, selfs al was "sy geloof tot geregtigheid gereken" *(Romeine 4:5)*. Dit is waarom Paulus, eeue later, Abraham as voorbeeld genoem het van wat dit beteken om deur die verbondsbeloftes wat God met sy volk ooreengekom het, te leef.

Hierdie tema weerklink regdeur die Bybel. Paulus verwys weer daarna in Galásiërs 3:6 waar hy Génesis 15:6 oor Abraham se geloof aanhaal, "en dit is hom tot geregtigheid gereken," en verwys ook terug na die belofte wat eerstens aan Abram gemaak was, "sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham" *(Galásiërs 3:9)*. Die verbondsbeloftes word aan almal, Jood en nie-Jood, "wat uit die geloof is" gemaak *(Galásiërs 3:7)*, en dus deur die geloof geregverdig word sonder die werke van die wet — hoeveel hulle ook al deur die verbond daartoe verbind is om die wet te gehoorsaam.

Selfs wanneer Jeremia oor die nuwe verbond praat, doen hy dit in die konteks van die wet: " 'Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit', spreek die Here: 'Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.' " *(Jeremia 31:33)* en weerspieël hy die taal wat in die boek Levítikus gebruik word, "En Ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees" *(Levítikus 26:12)*.

Hoe pas die verbondsgedagte van die wet en die evangelie saam, so volmaak in by die drie-engele boodskappe van Openbaring 14 wat God se laaste waarskuwingsboodskap aan die wêreld is?

Die verbond en Israel

“ ’nie ter wille van jou geregtigheid en die opregtheid van jou hart kom jy in om hulle land in besit te neem nie, maar weens die goddeloosheid van hierdie nasies verdryf die Here jou God hulle voor jou uit, en om die woord te vervul wat die Here vir jou vaders, Abraham, Isak en Jakob, gesweer het.’ ” *(Deuteronómium 9:5; lees ook Deuteronómium 9:27)*.

Hoe word die realiteit van die verbondsbeloftes in hierdie vers bekendgemaak?

_____

_____

Hier verskyn die verbond van genade weer: God het namens hulle gewerk — ten spyte van die gedurige oortredings wat hulle begaan het. (Dit moet sekerlik wees hoe die evangelie ook in ons dag werk.) En dit was oor die belofte wat God aan die vaders gemaak het naamlik dat sy genade ook aan hulle nageslag beskikbaar sou wees.

Moses het dikwels die volk aan hierdie verbondsbeloftes wat aan die patriarge gemaak was, herinner.

Lees Exodus 2:24 en 6:8, en Levítikus 26:42. Wat word hier gesê wat help om te toon hoe die verbondsbeloftes werk?

_____

_____

Die Uittog uit Egipte, die groot simbool van God se reddende genade, was ook op die verbond wat die Here met hulle vaders gemaak het, gegrond. Dit beteken, selfs voordat die begunstigdes van die verbond gebore was, was die beloftes aan hulle gemaak. Dus, sonder verdienste van hulle eie (om die minste te sê), het hulle die belofte van bevryding wat God vir hulle deur middel van wonderwerke en die gebeure van die Uittog gedoen het, ontvang.

Natuurlik het dit nie daar opgehou nie. Hulle het van Egipte af waarheen gegaan? Ja, na Sinai, waar die verbond “amptelik” met hulle gesluit was *(lees Exodus 20)*. En die kern van daardie verbond was die evangelie en die wet (die Tien Gebooie), wat hulle gevra was om te gehoorsaam, ’n openbaring van hulle verlossingsverhouding met die Here wat hulle reeds gered het (die evangelie). Daarom, oor en oor in Deuteronómium, was hulle geroep om daardie wet as deel van hulle verbond met die Here, te gehoorsaam, en wat by Sinai bekragtig was.

Watter rol behoort die wet van God in ons lewens vandag te speel – ons wat deur genade gered is; en waarom is daardie wet so uiters belangrik in ons verhouding met God?

Die boek van die verbond

Die gedagte van ’n verbond (*berit* in Hebreërs), wat God se verhouding met sy volk aandui, word regdeur die Bybel gevind, en die woord verskyn so dikwels in Deuteronomium dat hierdie boek “die boek van die verbond” genoem word.

Lees **Deuteronómium 5:1–21. Wat gebeur hier wat help om te wys hoe die idee van ’n verbond (berit) deel is van die boek van Deuteronómium?**

_____

_____

Nie lank nadat die kinders van Israel uit Egipte bevry was nie, het God die verbond met hulle by Sinai gesluit, net voordat hulle veronderstel was om die Beloofde Land binne te gaan. Daarna, na ’n 40-jaarlange ompad, net voordat hulle weer die Beloofde Land sou binnegaan as deel van die verbondsbelofte *(lees Génesis 12:7, Exodus 12:25)*, het die Here deur Moses die Tien Gebooie weer aan hulle gegee, ’n manier om te herbevestig hoe belangrik dit vir hulle was om ook hulle verbondsverpligtinge te hernieu.

Ja, die Here sou sy verbondsbeloftes aan hulle nakom. Maar nou was hulle ook daartoe verbind om hulle deel van die ooreenkoms na te kom: “ ‘Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe’ ” *(Deuteronómium 4:13)*. Hy het dit by Sinai gedoen, en nou het Hy dit weer in Moab gedoen, net voordat hulle die land sou oorneem wat aan hulle belowe was deur die belofte wat aan die vaders eeue gelede gemaak was, ’n openbaring van die “ewige verbond” wat selfs die bestaan van die wêreld voorafgegaan het.

“Nog voor die grondlegging van die wêreld het die Vader en die Seun ’n verbond aangegaan om die mens te verlos indien hy deur die Satan oorwin sou word. Hulle het die hande saamgevou in ’n plegtige gelofte dat Christus borg sou staan vir die mens.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 834.

Lees **Deuteronómium 5:3. Hoe verstaan ons hierdie vers?**

_____

_____

Wat het Moses probeer om vir hulle te sê? Hy het heelwaarskynlik die feit beklemtoon dat hulle vaders nie meer geleef het nie, en dat die wonderlike verbondsbeloftes wat aan hulle belowe was, nou aan hulle behoort het. Op hierdie manier wou Moses hulle laat weet dat hulle nie soos die vorige geslagte moes verbrou nie. Die beloftes (en die verpligtinge) was nou hulle s’n.

Sy eiendomsvolk

Dit is moeilik vir ons om alles te begryp van hoe die antieke wêreld daarna uitgesien het toe Israel in die woestyn rondgeswerf het. As ons sien hoe groot koninkryke gekom en gegaan het, en slegs die ruïnes daarvan oorgebly het, hoe kan ons nog begryp hoe baie van die kleiner heidense nasies wat in dieselfde gebied as Israel geleef het, gefunksioneer het?

Ons weet nie alles nie, maar een ding weet ons: hierdie volke was deur heidense gewoontes, veelgodery (politeïsme), en sommige totale verlagende gewoontes soos om kinders te offer, deurweek. Probeer jouself indink net hoe verlagend en boos 'n kultuur en 'n godsdiens kon wees wat soiets aan hulle eie kinders kon doen, en dit in die naam van een of ander god!

Geen wonder dat die Here oor en oor regdeur die geskiedenis van antieke Israel sy volk teen die volgende rituele van die nasies rondom hulle. gewaarsku het. "'As jy kom in die land wat die Here jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie.'" *(Deuteronómium 18:9*).

En dit is omdat God hierdie nasie met 'n spesiale doel in gedagte, geroep het. Deur met God 'n verbond te sluit, sou hulle sy spesiale volk gewees het, en vir die wêreld 'n getuienis van die God wat die hemel en die aarde geskape het – die enigste God.

Lees **Deuteronómium 26:16–19. Hoe word die verbondsverhouding tussen God en Israel in hierdie verse opgesom? Hoe sou hulle getrouheid aan die verbond deur die tipe mense wat hulle moes wees, weerspieël word? Watter lesse kan ons ook daaruit leer?**

_____

_____

Dis nogal boeiend dat Moses hierdie vier verse met die woord "vandag" begin, soos in *op hierdie oomblik, weer*, beveel God jou om hierdie dinge te doen (dit word in vers 17 herhaal). Hy het hulle regdeur beveel om hierdie dinge te doen. Dit is asof hy aan hulle sê om hulle onmiddellik weer daartoe te verbind, om getrou te wees, heilig, en 'n besonderse volk te wees, die hoofrede vir hulle bestaan as sy verbondsvolk. Hulle was die enigste nasie wat as 'n volk die ware God en die waarheid oor hierdie God en hoe Hy wou gehad het dat mense moes leef, geken het. In werklikheid het hulle nie net "teenswoordige waarheid" gehad nie, maar moes hulle, op hulle manier, daardie waarheid beliggaam het totdat Jesus, die "Waarheid", sou kom *(Johannes 14:6)*.

Waarom is die gedagte om "vandag" aan God en sy verbondsvereistes toegewyd te wees, selfs vir ons "vandag" betekenisvol?

Ander gode

Bybelkenners het lank gelede reeds die ooreenkoms tussen Israel se verbond met God en die ander koninkryke rondom hulle se verbondsverdragte, raakgesien. Hierdie ooreenstemming moet ons nie verbaas nie. Die Here het doodeenvoudig die omgewing waaraan sy volk gewoond was, gebruik.

Terselfdertyd kom dit voor asof die idee van 'n verbond, 'n wetlike ooreenkoms tussen twee partye met reëls en bepalinge en stipulasies, koud en formeel is. Hoewel hierdie beginsel inderdaad so moet wees (God is die Wetgewer), is dit nie ruim genoeg om die diepte en wydte van die tipe verhouding wat God met sy volk wil hê, in te sluit nie. Daarom word daar ander beelde in Deuteronómium gebruik om dieselfde idee van die verbond tussen God en Israel te beskrywe – om daaraan 'n groter omvang en betekenis te gee.

Lees **Deuteronómium 8:5; 14:1; 32:6 en verse 18–20. Watter soort beeldspraak word hier gebruik, en hoe kan dit help om die verhouding wat God met sy volk wil hê, te verduidelik?**

_____

_____

Lees **Deuteronómium 4:20 en Deuteronómium 32:9. Watter beeldspraak word hier gebruik, en hoe help dit ook om die verhouding wat God met sy volk wil hê, te openbaar?**

_____

_____

In beide gevalle word die gedagte van 'n gesinsverband wat veronderstel is om die diepste, innigste en liefdevolste verbintenis te wees, uitgebeeld. God wou nog altyd hierdie soort verhouding met sy volk gehad het. Selfs na hulle skaamtelose verwerping van Jesus tydens sy kruisiging, het Jesus, na sy opstanding, aan Maria gesê: "'Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galiléa moet gaan, en daar sal hulle My sien' " *(Matthéüs 28:10)*. Selfs as verrese Heiland het Hy na sy dissipels as "my broeders" verwys, 'n voorbeeld van liefde en genade wat voortvloei na hulle wat dit beslis nie verdien het nie. Dit is hoofsaaklik hoe die verhouding tussen God en die mensdom nog altyd was: genade en liefde wat aan die wat dit nie verdien nie, gegee word.

Watter soort verhouding het jy met God? Hoe kan jy dit meer innig maak en leer om Hom lief te hê, en terselfdertyd jou verbondsverpligting om sy wet te gehoorsaam, verstaan? Waarom is hierdie twee gedagtes nie teenstrydig nie, maar aanvullend?

Vir verdere studie: "Die gees van slawerny word gekweek wanneer daarna gestreef word om 'n wettiese godsdiens te beoefen, wanneer daar gepoog word om die vereistes van die wet in eie krag na te kom. Ons enigste hoop is saamgevat in die verbond wat met Abraham gesluit was, die verbond van genade deur geloof in Christus Jesus. Die evangelie wat aan Abraham gepreek was en wat aan ons hoop gee, was dieselfde evangelie wat vandag nog gepreek word, en wat nog steeds aan ons hoop gee. Abraham het sy oë op Jesus gevestig, wat ook die Leidsman en Voleinder van ons geloof is." — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1077, (*vry vertaal*).

"Nog voor die grondlegging van die wêreld het die Vader en die Seun 'n verbond aangegaan om die mens te verlos indien hy deur die Satan oorwin sou word. Hulle het die hande saamgevou in 'n plegtige gelofte dat Christus borg sou staan vir die mens. Hierdie gelofte het Christus nou nagekom. Toe Hy aan die kruis uitgeroep het: 'Dit is volbring', het Hy die Vader aangespreek. Die ooreenkoms is ten volle nagekom. Nou verklaar Hy: Vader, dit is volbring. Ek het U wil gedoen, o My God. Ek het die verlossingstaak voltooi. As U geregtigheid bevredig is, wil Ek 'dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees.' Johannes 19:30; 17:24." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 834.

Vrae vir bespreking:

❶ Dink na oor die gedagte dat selfs voor die grondlegging van die wêreld die Vader en die Seun "'n verbond" aangegaan het om ons te verlos indien die mens in sonde sou val. Waarom behoort dit ons te bemoedig? Wat behoort dit ons te leer oor hoe graag God wil hê dat ons vir sy koninkryk gered moet word?

❷ Op watter maniere behoort ons as die Sewendedag-Adventiste Kerk die rol wat antieke Israel in hulle tyd moes vervul het, nou te vervul? Hoe kan ons leer om die foute wat hulle gemaak het, te vermy?

❸ Waarom is die evangelie en die beloftes van die evangelie so sentraal in die begrip van die nuwe verbond? Watter verse kan jy in die Nuwe Testament vind wat toon hoe die wet en gehoorsaamheid aan die wet nie afgeskaf was onder die nuwe verbond nie, soos wat dit deur ander Christene gewoonlik geleer word? Hoekom dink jy sê so baie Christene dat die evangelie die noodsaaklikheid om die Tien Gebooie te hou, nietig verklaar het?